# HOOFSTUK VII.

## ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS NÁ UNIFIKASIE, 1910 - 1955.

### Algemene uitbreiding van die onderwys met spesiale aandag aan primêre onderwys, 1910 - 1955.

a. Fundamentele reëlings in verband met die onderwys.

(1) Verandering in beheer.

Op 31 Mei 1910 is die vier aparte Suid-Afrikaanse Britse kolonies verenig tot die Unie van Suid-Afrika. Transvaal het sy selfstandige bestuur verloor en het een van die provinsies van die Unie van Suid-Afrika geword. Dit sou voortaan beheer word deur 'n provinsiale regering onder voogdyskap van die sentrale Unieregering. Die provinsiale owerheid sou voortaan alle onderwys op hoër onderwys ná beheer en wel kragtens artikel 85(iii) van die Suid-Afrika-wet [1].

Die onderwysowerheid sou voortaan bestaan uit die Administrateur, as hoof van die provinsie, die Uitvoerende Komitee, om die provinsiale sake te bestuur, en die Provinsiale Raad as wetgewende liggaam. Die Koloniale Sekretaris is as hoof van die onderwys vervang deur die Direkteur van Onderwys. Die Onderwysdepartement sou dan bestaan uit die Direkteur van Onderwys, die Sekretaris van Onderwys en die administratiewe personeel. Daar is voorsiening gemaak vir skoolrade, min of meer vir elke parlementêre kiesafdeling een, wat sou dien as skakel tussen die Onderwysdepartement en die onderwys van die bepaalde distrik. Die Inspekteur van Onderwys sou die onderwyshoof in die distrik wees. Hy sou in sake in verband met die onderwys adviserend en kontrolerend optree. Elke individuele skool sou oor 'n skoolkommissie beskik, wat die inspekteur en skoolraad sou inlig oor sake rakende die skool [2].

/(2) ....

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 122.
2. Snyman: Histories-kritiese studie oor die ontwikkeling van die onderwys van blankes in Marico, 125.

(2) Die belangrikste veranderinge in die Smutswet en nuwe regulasies.

'n Gewysigde Taalordonnansie (No. 5 van 1911) is op 1 Januarie 1912 in werking gestel. Die nuwe Ordonnansie het sy oorsprong in artikel 137 van die Suid-Afrika-wet gevind, en het die gelykwaardigheid van Engels en Hollands, as die twee amptelike tale, vasgestel. Die huistaal sou voortaan die verpligte medium van aanvangsonderwys wees, terwyl die tweede taal, Hollands of Engels, as voertaal ingevoer kon word as die ouers dit sou verkies. Vanaf die vyfde standerd kon die tweede taal ingevoer word[1].

Ordonnansie No. 7 het 'n hele paar wysigings in die Smutswet aangebring. Sekere wysigings is aangebring in die samestelling en funksies van die Raad van Onderwys; skoolplig is verhoog tot 15 jaar of standerd 5; die prosedure met betrekking tot die aanstelling van leerkragte is verander; 'n subsidie aan privaatskole met minstens 10 leerlinge is in vooruitsig gestel, en beamptes van skoolrade sou voortaan permanent benoem word[2].

Sekere wysigings in die regulasies betreffende die laerskole vir blankes is deur middel van Administrateurskennisgewing van 11 April 1911 aangebring, waardeur die leergange in sekere vakke vereenvoudig is. In 1913 is 'n hersiene leerplan vir die buiteskole uitgegee met die doel om die leergange te vereenvoudig sodat die onderwys by die plattelandse omgewing kon aanpas[3].

Belangrike wysigings is in 1911 aangebring ten aansien van die klasse vir voortgesette onderwys. Hierdeur moes die onderwys van die openbare skole aangevul of voortgesit word. Dié soort onderwys sou ook onder die skoolrade ressorteer. Die leerkursusse, die tyd aan klasse gewy, die organisasie en ad-

/ministrasie ....

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 124.
2. Ibid.
3. Ibid., 124-125.

ministrasie van die klasse is ook baie goed omskryf[1].

b. Die Klerksdorpse Skoolraad, 1910 - 1955.

(1) Samestelling.

Volgens die eis van die Onderwyswet moes skoolrade in 1910 opnuut gekies word. Gedurende die jare 1910 tot 1914 het die skoolrade groot bevrediging gegee, en hulle het goeie werk gedoen ten opsigte van die voorsiening van onderwysfasiliteite en die uitvoering van die wetsbepaling betreffende verpligte skoolbesoek[2].

Die tweede Klerksdorpse Skoolraad het sy eerste sitting gehad in die ou Klerksdorpse munisipale kantore op 19 Julie 1910. Die Raad was soos volg saamgestel: J.A. Neser (voorsitter), P.J. Botha (ondervoorsitter), B.S. Shiels (sekretaris-penningmeester) met A. Chittenden, C.A. Engela, F.W. Ernst, D.P. Kirstein, P.F. Visser, D. Whitfield en H.M. Guest as lede[3].

In Desember 1910 is H.L.M. Leibbrandt in die plek van J.A. Neser aangestel toe laasgenoemde bedank het. P.J. Jooste het toe voorsitter en D.P. Kirstein ondervoorsitter geword[4]. Ds. J.H. Eybers is in April 1911 verkies in die plek van A. Chittenden, wat bedank het[5].

Die tweede Raad het sy laaste sitting gehad op 17 Junie 1913[6]. Die derde Raad, bestaande uit P.J. Jooste (voorsitter), P.R. Kock (ondervoorsitter), F.W. Ernst, D.P. Kirstein, H.M. Guest, M. Lipman, H.L.M. Leibbrandt, ds. J.H. Eybers en ds. P.W. Ennis, het sy eerste vergadering gehou op 15 Julie 1913[7]. Vroeg in 1914 het D.P. Kirstein bedank. Hy is opgevolg deur Jan Lubbe[8]. Omdat P.R. Kock daarvan beskuldig is

/dat ...........

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 125.
2. Ibid., 126.
3. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 19.7.1910.
4. Ibid., 20.12.1910.
5. Ibid., 11.4.1911.
6. Ibid., 17.6.1913.
7. Ibid., 15.7.1913.
8. Ibid., 17.3.1914; 2.4.1914.

dat hy 'n rebel was, moes hy kragtens „seksie 40 van die Onderwyswet" aan die einde van 1914 bedank [1]. In sy plek is D. Whitfield in Februarie 1915 verkies [2]. Omdat ds. Eybers sou vertrek, het hy in Desember 1915 as skoolraadslid bedank [3]. Hy is opgevolg deur C.D. Theron [4].

Die vierde Raad, wat sy eerste sitting gehad het op 25 Julie 1916, het bestaan uit P.J. Jooste (voorsitter), D.R. Whitfield (ondervoorsitter), H.M. Guest, ds. P.W. Ennis, Jan Lubbe, F.W. Ernst, M. Lipman, C.D. Theron en H.L. Leibbrandt [5]. Nadat ds. P.W. Ennis in Desember 1916 bedank het [6], het J.A. Richter hom as skoolraadslid opgevolg [7].

Op 12 Augustus 1919 het die volgende lede van 'n nuwe Skoolraad hul eerste vergadering gehou: J.S. Smit (voorsitter), ds. P.J. Pienaar (ondervoorsitter), P.J. Jooste, H.M. Guest, J.M. Benade, F.W. Ernst, B.H. Swart, H.L. Leibbrandt en ds. P.A. Theron [8].

Die Onderwysdepartement het in 1922 gereël dat die ledetal van die Skoolraad verminder word na ses [9]. Vanaf 1922 het die volgende Rade gedien [10]:

| Raad | Eerste vergadering | Voorsitter | Ondervoorsitter | Lede |
|---|---|---|---|---|
| Sesde | 1 Augustus 1922 | Ds. P.A. Theron | P.J. Jooste | P.C. de Villiers<br>B.H. Swart<br>H.L.M. Leibbrandt<br>H.M. Guest |
| Sewende | 3 Augustus 1926 | Ds. P.A. Theron | H.L.M. Leibbrandt | P.J. Jooste<br>B.H. Swart<br>H.H. Guest<br>R.P. Colyn |

/Agste ......

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 17.11.1914.
2. Ibid., 16.2.1915.
3. Ibid., 21.12.1915.
4. Ibid., 18.1.1916.
5. Ibid., 25.7.1916.
6. Ibid., 5.12.1916.
7. Ibid., 23.1.1917.
8. Ibid., 12.8.1919.
9. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1922, 11.
10. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 1.8.1922; 3.8.1926; 7.10.1930; 23.8.1934; 5.8.1937; 16.9.1947; 20.2.1952.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Agste | 1930 1) | Ds. P.A. Theron | H.L.M. Leibbrandt | L. van Wyk<br>Ds. P.J. Venter<br>Ds. Z.H. van der Westhuizen 2)<br>R.P. Colyn |
| Negende | 23 Augustus 1934 | Ds. P.A. Theron | C.J. Neser | H.L.M. Leibbrandt<br>R.P. Colyn<br>J. Lemmer<br>P.F. Visser |
| Tiende | 5 Augustus 1937 | Ds. P.A. Theron | John Lemmer 3) | R.P. Colyn 4)<br>P.F. Visser<br>D.J. van Ryneveld<br>C.A. Froneman |
| Elfde | 16 September 1947 | Ds. P.A. Theron | Ds. P.W. Venter | E. Vermaas<br>L. Lewis<br>A.L. Terblanch 5)<br>P.F. Visser |
| Twaalfde | 20 Februarie 1952 | Ds. P.A. Theron | Ds. P.W. Venter | Ds. A.A. Venter<br>N. Wilkens<br>L. Lewis<br>E. Vermaas |

Gedurende die jare 1910-1955 het die volgende Skoolraadsekretarisse gedien 6):

| Sekretaris | Jaar wanneer diens aanvaar is |
|---|---|
| P.J. du Toit | 1910 |
| C.J. Liebenberg | 1920 |
| J.W.R. Faul | 1921 |
| J.A.W. du Plessis | 1940 |
| J.S. de Wet | 1946 |
| P.W. de Wet | 1947 |
| M.H.J. van der Merwe | 1950 |
| J.H. Weeks | 1951 |
| W.G. du Toit | 1952 |

/Die ........

1. Die Notule van die eerste vergadering van die Agste Raad ontbreek.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 3.3.1931. H.J.R. Hamman is in Maart 1931 verkies in die plek van ds. Z.H. van der Westhuizen.
3. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 13.11.1945. John Lemmer is aan die end van 1945 oorlede. A.L. Terblanch is in sy plek verkies; lg. het ondervoorsitter geword.
4. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 2.4.1946. Nadat R.P. Colyn byna twintig jaar as skoolraadslid gedien het, is hy in 1946 oorlede. Ds. P.W. Venter het hom opgevolg.
5. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 18.4.1950; 16.5.1950. F.J.J. Kock het A.L. Terblanch as skoolraadslid opgevolg toe lg. in 1950 oorlede is.
6. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 18.10.1910; 11.5.1920; 11.1.1921 7.5.1940; 3.9.1946; 6.5.1947; 21.3.1950; 24.4.1951; 21.10.1952.

Die Klerksdorpse Skoolraad het vanaf 1909 die kwessie van sentralisasie as een van sy belangrikste take beskou [1].

(2) Werksaamhede van die Klerksdorpse Skoolraad.

(a) Losies- en vervoerbeurse.

Die Onderwysdepartement het kwartaalliks 'n bepaalde bedrag aan die Skoolraad beskikbaar gestel om as beurse toegeken te word. Dit het behoeftige leerlinge die geleentheid gebied om die sentrale skole te besoek. Twee soorte beurse is toegeken, naamlik vervoerbeurse, gemiddeld 4d. per dag, en losiesbeurse, 9d. per skooldag [2].

In die volgende tabel word die aantal leerlinge aangetoon wat vir die jaar eindigende 31 Desember 1911 deur middel van beurse gehelp is om 'n skool by te woon [3]:

| Aantal leerlinge wat vervoerbeurse ontvang het | Aantal leerlinge wat losiesbeurse ontvang het | Aantal leerlinge wat vervoermiddels ontvang het | Totaal |
|---|---|---|---|
| 8 | 12 | 135 | 155 |

In 1912 is daar vir die eerste keer beurse toegeken volgens die nuwe stelsel. Die totale bedrag van ongeveer £2,000 wat beskikbaar was vir beurstoekennings, moes volgens die skoolbevolking tussen die skoolraadsdistrikte verdeel word. Dit het spoedig geblyk dat die bedrag ontoereikend was en dat die kleiner distrikte nie eens genoeg sou ontvang vir een beurs van £30 nie. Volgens die maatstaf het die Klerksdorpse Skoolraad slegs een beurs vir 1912 en een vir 1913 ontvang [4].

Die beurstoekennings aan die Klerksdorpse Skoolraad vanaf 1917 tot 1930 was soos volg [5]:

/Jaar ........

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 19.10.1909.
2. T.O.D.: Jaarverslag, 31 Desember 1911, 10-11.
3. Ibid., 11.
4. Ibid., 31.12.1912, 35-36.
5. Ibid., 31.12.1917, Bylae X; 31.12.1923, Bylae IX, 321; 31.12.1926, Bylae IX, 215. T.E.D.: Report 31.12.1930, Appendix VII, 123.

| Jaar | Losiesbeurse | | Vervoerbeurse | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gemiddelde aantal beurse per dag | Bedrag per jaar | Gemiddelde aantal vervoerbeurse per dag | Voertuie | Aantal leerlinge vervoer | Bedrag per jaar |
| 1917 | 35 | £ 50 | 3 | | | £3 |
| 1920 | 29 | £193 | 10 | 330 diere 3 voertuie | 227 | £7 |
| 1923 | 69 | £566 | 15 | 277 diere 2 voertuie | 232 | £50 |
| 1926 | 37 | £351.14.6 | 25 | 412 diere 2 voertuie | 209 | £123.2.0 |
| 1930 | 50 | £372. 3.10 | 95 | 240 diere 2 voertuie | 147 | £258.12.6 |

(b) <u>Sentralisasie en donkievervoer</u>.

Die Klerksdorpse Skoolraad het reeds in 1910 besluit om sy toevlug te neem tot donkievervoer ten einde uitgawes aan vervoer te besnoei. Donkievervoer was meer ekonomies „omdat de beurs tegen gemiddeld 4d. per dag in ongeveer twee jaar de prijs uitmaakt van een ezel"[1].

Op die Skoolraadsvergadering van 21 Junie 1910 het die sekretaris meegedeel dat hy reeds 44 donkies aan behoeftige leerlinge uitgedeel het om hulle in staat te stel om 'n skool by te woon. Daar was toe reeds 63 donkies aangekoop teen die bedrag van £390.15. 0[2]. Om en by £6 is dus per donkie betaal.

Tot op 31 Maart 1912 het die Klerksdorpse Skoolraad die volgende uitgawes aangegaan om leerlinge na die verskillende

/sentrale .......

1. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1911, 11.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 21.6.1910.

sentrale skole te vervoer[1]:

| Beskrywing van aangekoopte vervoermiddels | | | | | Koste |
|---|---|---|---|---|---|
| Muile | Donkies | Osse | Waens | Tuie | |
| 1 | 83 | - | 1 | 1 stel | £578. 7. 6. |

Die totale uitgawe wat die Onderwysdepartement tot op 31 Maart 1912 vir transport- en losiesbeurse moes vereffen, was die fenomenale bedrag van £16,963.9.6[2]! Die sentralisasiebeleid het dus gepaard gegaan met groot finansiële laste. Verder moes die ouers en kinders groot ongerief verduur. In die reël was die reise lank en vermoeiend vir die kinders[3].

Die Klerksdorpse Skoolraad het in Maart 1916 reeds 182 donkies aan leerlinge vir vervoerdoeleindes uitgedeel[4].

Op 31 Desember 1916 het die Klerksdorpse Skoolraad 211 donkies besit. Gedurende 1917 was daar 41 geboortes en 8 sterfgevalle onder die donkies, sodat die aantal op 31 Desember 1917 te staan gekom het op 'n totaal van 244[5].

Inspekteur J.H. Corbett het in 1912 verklaar dat die vervoervraagstuk nog geensins opgelos is nie. Hy het die stelsel van „ezelwagens" as 'n mislukking beskou. Hy het ook gemeen dat dit gevaarlik was vir jong kinders om op die donkies te ry. Corbett was verder van mening dat sentralisasie, veral in die buiteskole, te ver deurgevoer word. Kinders het gedurende die wintermaande half verkluimd by die skool aangekom. 'n Groot aantal moes baie vroeg ontbyt nuttig, met die gevolg dat daar kinders was wat sonder ontbyt by die skool aangekom het. Hy het dit bepleit dat sommige eenmanskole moes bly voortbestaan, met die voorbehoud dat leerlinge na standerd 4 na

/groter .......

1. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1911, 12.
2. Ibid.
   Coetzee: Onderwys in Transvaal, 127.
3. Coetzee: t.a.p.
4. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 6.3.1916.
5. Ibid., 8.1.1918.

groter skole moes gaan[1].

Dat sentralisasie nie altyd byval gevind het nie, blyk uit die feit dat die ouers in die omgewing van Syferkuil in 1914 aangedring het op die stigting van 'n privaatskool. Hulle het aangevoer dat dit per slot van sake goedkoper sou wees om 'n skool te onderhou as die wa en trekdiere. Die Skoolraad was egter nie bereid om aan hulle versoek te voldoen nie[2].

Gedurende die dertiger jare het die skooldonkie iets van die verlede begin word. Motorvervoer het vinnig begin veld wen, aangesien dit die voordele bo donkievervoer gehad het dat dit 'n gemakliker en veiliger vervoer van leerlinge was, veral ten opsigte van hul gesondheid. Dit het egter nog die nadeel gehad dat leerlinge vroeg ontbyt moes nuttig en in die reël eers laat die middag tuis gekom het vir middagete. Baie leerlinge is ook weerhou van die verskillende buitemuurse aktiwiteite smiddae na skool[3].

(c) <u>Sentralisasie en motorvervoer</u>.

Die Klerksdorpse distrik het hom besonder goed geleen vir sentralisasie, aangesien die bevolking in groepies saamgewoon het van 3 tot 4 myl van mekaar langs die Schoonspruit. Ongelukkig het die feit dat elke afsonderlike groepie oor 'n eie skoolgebou beskik het, sentralisasie in die praktyk bemoeilik. Op 7 Oktober 1931 is die skool op Kafferskraal reeds gesluit, en die hoof, S.J. de Kock, het die 18 leerlinge self per motorbus na die Presidentskool vervoer[4]. Die bevolking langs die Schoonspruit was teen die sentralisasiebeleid gekant. Langs die Schoonspruit was daar in 1935 vyf afsonderlike skole oor 'n afstand van 20 myl met 'n totaal van 323 leerlinge[5].

Motorvervoer het veld begin wen, en in 1934 was die volgende skemas reeds in werking[6]:

/Kafferskraal .....

1. T.O.D.: Jaarverslag, 31 Desember 1912, 203-204.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 21.6.1914.
3. T.O.D.: a.w., 31.12.1938, 26-27.
4. Presidentskool, Joernaal, 7.10.1931.
5. T.O.D.: a.w., 31.12.1935, 80.
6. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 9.1.1934; 6.3.1934; 1.5.1934; 6.11.1934.

Kafferskraal na Paardeplaats.

Geduld na Paardeplaats.

Goedevooruitzig na Paardeplaats.

Gedurende 1935 het die volgende skemas bygekom:

Schoemansfontein na Hartebeestfontein [1].

Lapfontein na Mahemsvlei [2].

Vanaf 1935 was daar 'n ongekende belangstelling in sentralisasie [3]. Behalwe die opvoedkundige waarde van sentralisasie het dit nog die volgende ekonomiese voordele ingehou: klein skooltjies met 'n hoë onderhoudskoste sou uitgeskakel word; groot somme geld vir vervoer sou bespaar word; geld sou bespaar word deurdat daar 'n vermindering van uitgawes in verband met die onderhoud van skoolraadskantore sou wees [4].

Die Klerksdorpse Skoolraad was op 'n vergadering wat op 5 Mei 1936 in Pretoria deur die Sekretaris van Onderwys belê is om die kwessie van sentralisasie met die skoolrade te bespreek, verteenwoordig deur ds. P.A. Theron en R.P. Colyn. Die Raad het volle steun aan die beleid verleen [5]. Nadat die Departement verseker is van die samewerking van die skoolrade, is 'n sentralisasiebeampte, R.S. Ferreira, aangestel, wat die sentralisasiebeleid prakties moes uitvoer. Alhoewel sentralisasieskemas in 1936 in verskeie distrikte uitgevoer is [6], was dit nie voor 1938 dat die beleid in alle erns in die Klerksdorpse distrik aangepak is nie.

Nadat die sentralisasiebeampte, R.S. Ferreira, die moontlikhede vir sentralisasie in die distrik ondersoek het, het hy in April 1938 die volgende skema aan die Skoolraad voorgelê [7]:

(i) <u>Rhenosterspruit as sentrum nr. 1.</u>

Die skole op Yzerspruit, Klippan en Zendelingsfontein

/moes ......

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 4.3.1935.
2. Ibid., 6.8.1935.
3. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1936, 162.
4. Ibid., 163-164.
5. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 12.5.1936.
6. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 187.
7. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 5.4.1938.

moes gesluit word en die leerlinge vervoer word na Rhenosterspruit.

(ii) <u>Klerksdorp as sentrum nr. 2.</u>

Die leerlinge van Bonnieburnskool moes vervoer word na Unieskool; busroete 17.4 myl.

(iii) <u>Sentrum nr. 3</u>.

(a) Die skool op Kafferskraal moes gesluit word en 'n gedeelte van die leerlinge vervoer word na Opraap, met 'n busroete van 12.4 myl, terwyl die orige gedeelte vervoer moes word na Paardeplaats, met 'n busroete van 12 myl.

(b) Die skool op Mahemsvlei moes gesluit word en die leerlinge vervoer word na Hartebeestfontein (12 myl); Palmietfontein (15.2 myl) en Paardeplaats (12 myl).

(iv) <u>Sentrum nr. 4</u>.

(a) Die leerlinge van Oorbietjiesfontein moes oor 'n afstand van 16 myl vervoer word na Hartebeestfontein.

(b) Die skool op Leeufontein moes ook sluit ten gunste van 'n sentrale skool op Hartebeestfontein; busroete 13.7 myl.

R.S. Ferreira was van mening dat die skole op Eastleigh, Regina, Rietfontein en Goedgevonden selfstandig moes bly voortbestaan[1].

Die Klerksdorpse Skoolraad was ingenome met motorvervoer en het ook deeglik toesig gehou oor die toestand van die busse. Elke skool wat met busse bedien is, het 'n komitee van vyf lede gehad (twee dames en drie mans), wat verantwoordelik sou wees om toesig oor die busse te hou. Die Skoolraad sou dan uit sy geledere 'n lid benoem om op die buskomitees te dien[2]. In Junie 1939 is besluit om die hoofde van die betrokke skole tot die komitees by te voeg[3].

/Die .....

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 5.4.1938.
2. Ibid., 6.12.1938.
3. Ibid., 6.6.1939.

Die mate van sentralisasie in die Klerksdorpse distrik gedurende die tydperk 1934-1938 word goed in die volgende tabel weerspieël[1]:

| 4de kwartaal 1934 | | | 4de kwartaal 1937 | | | 4de kwartaal 1938 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skole | Leerlinge | Leerkragte | Skole | Leerlinge | Leerkragte | Skole | Leerlinge | Leerkragte |
| 23 | 1860 | 78 | 20 | 2213 | 84 | 20 | 2174 | 83 |

Gedurende 1938 was die volgende motorvervoerskemas in werking[2]:

| Skema | Getal leerlinge vervoer | Koste vir 1938 | Afstand, enkelroete in myle |
|---|---|---|---|
| Goedevooruitzicht-Paardeplaats | 45 | 280. 0. 0. | 14 |
| Kafferskraal-President | 40 | 235. 0. 0. | 9 |
| Schoemansfontein-Hartebeestfontein | 44 | 216.13. 4. | 11.5 |
| Geduld-Paardeplaats | 40 | 245. 0. 0. | 10 |
| Lapfontein-Mahemsvlei | 40 | 180. 0. 0. | 10.2 |
| Eleazer-Goedgevonden | 40 | 280. 0. 0. | 14 |

Dit blyk dan dat die beleid van konsentrasie in Klerksdorp vanaf 1938 intensief uitgevoer is. In 1939 kon inspekteur Schoon getuig dat sentralisasie met vrug in die gebied deurgevoer word. By die sentrale skole is die kinders se dieet aangevul met melk, sop en vrugte (vars of gedroog). Die feit dat Klerksdorp, volgens 'n ondersoek wat deur die Onderwysdepartement uitgevoer is, een van die vier distrikte in Transvaal was waar meer as 50% van die skoolgaande seuns melk as 'n gereelde deel van hulle dieet ontvang het, getuig daarvan dat die skole deeglik gebruik gemaak het van die Departement se melkvoedingskema[3].

/Gedurende ....

1. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1938, 12.
2. Ibid., Bylae XII, 135.
3. T.E.D.: Report 31.12.1939, 90.

Gedurende 1939 is die volgende motorvervoerskemas aan die ses bestaande skemas toegevoeg [1]:

| Skema | Getal leerlinge vervoer | Totale koste vir 1939 | Afstand; enkel roete in myle |
|---|---|---|---|
| Wildebeestlaagte-Hartebeestfontein | 65 | 300. 0. 0. | 16 |
| Syferfontein-Rhenosterspruit | 40 | 300. 0. 0. | 11.7 |
| Stilfontein-Bonnieburn | 30 | 150. 0. 0. | 6 |
| Syferfontein-Hartebeestfontein | 35 | 200. 0. 0. | 9.5 |

Deur middel van die volgende tabel word die konsentrasie van onderwys gedurende die jare 1936-1942 duidelik aangetoon [2]:

| Jaar | Aantal skole | Aantal leerlinge |
|---|---|---|
| 1936 | 21 | 1982 |
| 1938 | 20 | 2142 |
| 1940 | 19 | 2168 |
| 1942 | 13 | 2172 |

Van bostaande tabel kan dan afgelei word dat:

(i) die aantal skole vanaf 1936 tot end 1942 met 8 verminder het;

(ii) die aantal leerlinge toegeneem het alhoewel die aantal skole verminder het;

(iii) die aantal leerlinge per skool moes toeneem;

(iv) die sentralisasiebeleid met erns deur die Skoolraad deurgevoer is.

Vanaf 1950 het die Klerksdorpse Skoolraad begin gebruik maak van die luuksebusse van die „Greyhound"-busdiens. Die eerste skema van die busdiens was die tussen Stilfontein en die Presidentskool [3]. Gedurende dieselfde jaar het nog twee skemas

/bygekom ..............

1. T.E.D.: Report 31.12.1939, Appendix XII, 213.
2. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1942, 4.
3. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 20.6.1950.

bygekom en wel tussen Orkney en die Presidentskool en tussen Orkney en Nooitgedacht[1].

Die algemene stand van sake betreffende die aantal laerskoolleerlinge wat in die Klerksdorpse gebied met busse vervoer is, was in Maart 1951 soos volg[2]:

| | Totale aantal leerlinge in skole | Aantal leerlinge wat met busse vervoer was |
|---|---|---|
| Platteland | 1236 | 537 |
| Dorpe | 1638 | 527 |
| Totaal | 2874 | 1064 |

Die grootste gedeelte van die leerlinge wat vervoer is, was laerskoolleerlinge. Slegs 98 uit 'n totaal van 527 leerlinge van die Klerksdorpse hoërskool het van die busdienste gebruik gemaak[3].

In Maart 1951 was die busdienste versprei oor die distrik en 'n totale afstand van 361 myl (enkelroete) per dag gedek. Van die 361 myl was 336 myl oor „genommerde paaie", terwyl die Skoolraad 'n toelae aangevra het vir die paaie oor die orige 25 myl. Die grootste persentasie leerlinge was nader as 3 myl van die busroetes af; trouens, daar was slegs 7 leerlinge wat verder as 3 myl van die naaste busroete af gewoon het[4].

Soos dit uit die volgende tabel sal blyk, het die aantal motorvervoerskemas vanaf 1940 tot 1955 steeds toegeneem[5]:

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 3.10.1950.
2. Ibid., 27.3.1951: Brief van ds. P.A. Theron vir plasing in die Klerksdorp Record.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1940, Bylae XII, 141; 31.12.1945; Bylae X, 166-167.
   T.E.D.: Report 31.12.1950, Appendix X, 92-93.
   Klerksdorpse Skoolraad, Vervoerskemas, 1955.

# MOTORVERVOERSKEMAS IN 1940, 1945, 1950 en 1955.

| Skema | Aantal leerlinge vervoer | | | | Koste per skooldag | | | | Afstand in myle (enkelroete) | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1940 | 1945 | 1950 | 1955 | 1940 | 1945 | 1950 | 1955 | 1940 | 1945 | 1950 | 1955 |
| Paardeplaats - Goedevooruitzicht | 32 | | | | 1. 4.10 | | | | 14.0 | | | |
| Klerksdorp - Kafferskraal | 37 | 33 | 34 | 34 | 1. 1. 0 | 1. 0. 3 | 19. 4. | 2.18. 6 | 9.0 | 9.0 | 8.4 | 8.9 |
| Hartebeesfontein - Schoemansfontein | 42 | 30 | | | 1. 3.11 | 1. 4.10 | | | 11.0 | 14.0 | | |
| Paardeplaats - Geduld | 37 | | | | 1. 4. 0 | | | | 12.0 | | | |
| Mahemsvlei - Lapfontein | 37 | | | | 1. 1. 3 | | | | 9.2 | | | |
| Bonnieburn - Stilfontein | 26 | | | | 1. 0. 0 | | | | 6.0 | | | |
| Goedgevonden - Eleazer | 46 | | | | 1.13. 0 | | | | 18.0 | | | |
| Hartebeestfontein - Syferfontein | 35 | 30 | | | 1. 1. 0 | 1. 0. 3 | | | 9.0 | 9.0 | | |
| Hartebeestfontein - Wildebeestlaagte | 55 | 35 | 48 | 37 | 1.13. 4 | 1. 8. 0 | 1.14. 2 | 4. 8. 6 | 16.0 | 16.0 | 19.1 | 20.6 |
| Rhenostersspruit - Yzerspruit | 26 | | | | 1. 2. 0 | | | | 12.0 | | | |
| Rhenostersspruit - Syferfontein | 35 | 26 | 33 | 20 | 1. 4. 0 | 1. 2. 0 | 1. 7. 7 | 3.17. 6 | 12.0 | 12.0 | 17.1 | 17.3 |
| Rhenostersspruit - Zendelingsfontein | 44 | 33 | 28 | 21 | 1. 8. 3 | 1. 5. 9 | 2.10. 0 | 4. 2. 6 | 15.0 | 15.0 | 18.9 | 19.1 |
| Rhenostersspruit - Klippan | 39 | 25 | | | 1. 6. 0 | 1. 3. 8 | | | 13.7 | 13.7 | | |
| Eastleigh - Nooitgedacht | | 74 | | | | 1. 4. 4 | | | | 8.5 | | |
| Hartebeestfontein - Brakpan | | 36 | 56 | 42 | | 1.12. 0 | 1.16. 0 | 4. 4. 6 | | 20.0 | 18.3 | 18.6 |
| Hartebeestfontein - Rietfontein | | 27 | 23 | 32 | | 1. 5. 4 | 2. 6. 0 | 3.13. 6 | | 15.6 | 14.3 | 14.9 |
| Hartebeestfontein - Leeufontein | | 34 | 26 | 37 | | 1. 3. 0 | 2. 5. 0 | 4. 6. 0 | | 11.7 | 11.4 | 20.0 |
| Kafferskraal No.2 - Goedevooruitzicht | | 25 | 30 | 22 (1e rit)<br>12 (1e rit) | | 1. 7.10 | 1. 2. 1 | 4. 5. 0 | | 19.0 | 11.4 | 8.9 (1e rit)<br>11.0 (1e rit) |
| Kafferskraal No.2 - Opraap | | 36 | | | | 1.10. 0 | | | | 18.3 | | |
| Klerksdorp - Bonnieburn | | 49 | 39 | | | 1.15. 4 | 1. 7. 0 | | | 20.0 | 15.5 | |
| Klerksdorp - Mahemsvlei | | 53 | 56 | | | 1.17. 0 | 1.17. 4 | | | 20.0 | 18.9 | |
| Klerksdorp - Goedgevonden | | 50 | 35 | 60 | | 2. 0. 9 | 1.10. 0 | 4. 4. 6 | | 23.5 | 18.2 | 18.2 |
| Klerksdorp - Rietfontein | | 46 | 50 | | | 1.14. 2 | 1.13. 3 | | | 19.0 | 17.3 | |
| Klerksdorp - Swartkoppies | | 20 | | | | 1. 0. 3 | | | | 11.0 | | |
| Klerksdorp - Western Reefs Myn | | 68 | | | | 1. 3. 4 | | | | 8.5 | | |

MOTORVERVOERSKEMAS IN 1940, 1945, 1950 en 1955 (vervolg)

| Skema | Aantal leerlinge vervoer | | | | Koste per skooldag | | | | Afstand in myle (enkelroete) | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1940 | 1945 | 1950 | 1955 | 1940 | 1945 | 1950 | 1955 | 1940 | 1945 | 1950 | 19 |
| Rhenosterspruit - Yzerspruit - Doornplaat | | 40 | 28 | | | 1.11. 6 | 1.15. 6 | | | 17.6 | 10.4 | |
| Hartebeestfontein - Lapfontein | | | 18 | | | | 1. 2. 0 | | | | 15.2 | |
| Kafferskraal No.2 - Lapfontein | | | 31 | 19 | | | 1. 8. 6 | 4. 1. 6 | | | 17.8 | 18 |
| Klerksdorp - Wildebeestpan | | | 42 | | | | 1.13. 8 | | | | 20.0 | |
| Orkney - Nooitgedacht | | | 58 | 66 | | | 2. 0. 0 | 3.15. 6 | | | 4.1 | 4 |
| Orkney - Orkney (Wolvehuis) | | | 73 | 38 | | | 2.10. 0 | 3.12. 6 | | | 9.2 | 10 |
| Klerksdorp - Doornfontein | | | 62 | | | | 1.14. 0 | | | | 15.9 | |
| Klerksdorp - Orkney | | | 51 | 197 | | | 1. 2. 0 | 12. 5. 0 | | | 7.7 | 8 |
| Klerksdorp - Stilfontein | | | 80 | 185 | | | 4.10. 0 | 15.10. 0 | | | 9.8 | 9 |
| Roodepoort - Witrandsfontein | | | 8 (1e rit)<br>28 (2e rit) | 16 | | | 1. 7.10 | 2.14. 0 | | | 5.8 (1e rit)<br>12.8 (2e rit) | 8 |
| Schoonspruit - Nooitgedacht | | | 21 | 36 | | | 1. 5. 6 | 3.11. 0 | | | 18.3 | 14 |
| Sterkstroom-Wes - Sterkstroom-Oos | | | 27 | 24 | | | 1. 2.10 | 2.12. 6 | | | 13.0 | 7 |
| Klerksdorp - Elandslaagte | | | 46 | 46 | | | 1. 9. 6 | 3.12. 0 | | | 14.9 | 14 |
| Klerksdorp - Brakspruit | | | | 64 | | | | 4. 7. 0 | | | | 18 |
| Klerksdorp - Yzerspruit | | | | 38 | | | | 4. 6. 0 | | | | 19 |
| Orkney - Vaalkop | | | | 35 | | | | 3.11. 0 | | | | 7 |
| Stilfontein - Wildebeestpan | | | | 89 | | | | 6.11. 5 | | | | 14 |
| Saamtrek - Doornfontein | | | | 74 | | | | 4. 1. 0 | | | | 16 |
| Saamtrek - Rietfontein | | | | 51 | | | | 3.18. 0 | | | | 15 |

(d) Sentralisasie en treinvervoer.

Gedurende 1937 is leerlinge per trein vervoer vanaf Ariston na die skool op Eastleigh. Dit het spoedig geblyk dat dit 'n ondoeltreffende skema is. Gedurende die wintermaande moes die kinders lank op Ariston in die koue op die trein wag. In die reël het die kinders dan ook laat by die skool opgedaag[1]. Om die moeilikhede te oorbrug, is daar later in die jaar 'n private motorvervoerskema tussen Nooitgedacht en Eastleigh ingestel[2].

(e) Sentralisasie en koshuise[3].

Die Klerksdorpse Skoolraad sou spoedig na Unifikasies aandag moes skenk aan koshuisakkomodasie om uitvoering aan die sentralisasiebeleid te gee.

In 1916 was die Skoolraad reeds genoodsaak om geboue te probeer bekom wat as koshuise diens kon doen. Die Onderwysdepartement het in 1916 goedkeuring verleen om die Transvaal Hotel te huur teen £100 per jaar[4]. Die gebou was egter reeds verhuur tot 1 Januarie 1918, met die gevolg dat 'n ander gebou gevind moes word[5].

Die Skoolraad het daarin geslaag om in 1917 'n private woonhuis te huur teen £7.10.0. per maand waarin 25 leerlinge gehuisves kon word[6].

Gedurende 1922 het Hartebeestfontein ook sterk aangedring

/op ........

---

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 13.6.1937.
2. Ibid., 7.9.1937.
3. O.R. 1135/99 in R.4507/99: Notule van openbare vergadering op Klerksdorp, 17.1.1899.
   'n Koshuis was alreeds in 1899 'n noodsaaklikheid op Klerksdorp. Op die vergadering van 17 Januarie 1899 het die heer Teengs aan dr. Mansvelt gevra „of het niet wenschelijk is eene kosthuis op te richten in verband met Staats Scholen voor gerief van de kinderen der buitenmenschen". Dr. Mansvelt het hierop geantwoord dat hy „reeds in 1897 aan de Volksraad deze zaak voorgesteld heeft". Volgens die Superintendent was dit die algemene gevoel dat die tyd nog nie ryp was vir die oprigting van koshuise nie. Die vergadering het dr. Mansvelt op die noodsaaklikheid daarvan gewys en gevra dat hy weer eens 'n poging moes aanwend om koshuise by die goudvelde opgerig te kry.
4. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 5.9.1916.
5. Ibid., 7.11.1916.
6. Ibid., 5.12.1916.

op 'n koshuis. Die kerkraad van die Ned. Herv. of Geref. gemeente van Hartebeestfontein het in 1922 die Skoolraad versoek om by die Departement aan te beveel dat toestemming verleen word vir die oprigting van 'n kerkkoshuis[1].

In Klerksdorp self was die toestande in 1922 eenvoudig haglik. Die algemene gebruik was dat ouers kamertjies in die dorp gehuur het waarin die kinders self moes sorg vir hulle onderhoud. Elke Maandagoggend het die kinders dan genoeg kos van hulle ouerhuise saamgebring vir vyf dae. Minstens een van die gehuurde kamertjies was 'n klein blikgeboutjie in die agterplaas van 'n Indiërwinkel[2].

Om die uiters ongunstige toestande in Klerksdorp te bekamp het die Ned. Herv. of Geref. kerk ingegryp en die leerlinge versorg in private woonhuise. Op 13 Oktober 1924 het 'n koshuiskomitee, met ds. P.A. Theron as voorsitter, sy eerste vergadering gehou. Op aandrang van die koshuiskomitee het die Departement die woonhuis van ene Campbell gehuur om seuns van die Klerksdorpse Hoërskool te huisves[3].

Mnr. en mev. J.J. de V. Joubert het vanaf Januarie 1925 opgetree as huisvader en huismoeder in die Klerksdorpse seunskoshuis. Aanvanklik was daar 'n groot tekort aan die noodsaaklikste meubels, met die gevolg dat die seuns op die vloere moes slaap en hul etes in 'n kafee moes nuttig[4].

Aan die einde van 1925 is die huis van J. Lubbe deur die Departement gehuur om as 'n meisieskoshuis te dien. Die eerste matrone van die koshuis, mev. E.M. de Villiers, het diens aanvaar in Januarie 1926[5].

Gedurende die loop van 1937 is twee K.N.A.P.-geboue, een vir seuns en een vir dogters, op die skoolgrond van die hoër-

/skool ......

---

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 7.3.1922.
2. Du Plessis: Die Klerksdorpse koshuis, 1925-1947; artikel in K.H.S.-Jaarblad, Gedenkuitgawe, 1947, 27.
3. Ibid.
4. Ibid., 27, 29.
5. Ibid., 29.

skool opgerig. In dieselfde jaar is daar 'n aanvang gemaak met die oprigting van 'n Provinsiale koshuis wat op 23 Junie 1938 geopen is deur administrateur Simon Bekker[1].

In 1946 is die planne vir 'n nuwe meisieskoshuis vir goedkeuring aan die Beherende Liggaam voorgelê[2]. Hierdie koshuis is gedurende 1947 voltooi[3].

Die Klerksdorpse seuns- en meisieskoshuise het gedurende 1955 huisvesting gebied aan 178 leerlinge[4].

Op Klerksdorp self is die koshuisprobleem vanaf die dertiger jare in 'n groot mate opgelos; dog op Hartebeestfontein wou dit nie vlot nie. Nadat die kerkraad van die Ned. Herv. of Geref. gemeente die Skoolraad in 1922 versoek het dat die Raad van die Departement toestemming moes verkry vir die oprigting van 'n koshuis op Hartebeestfontein[5], het dit nog heelwat korrespondensie uitgelok alvorens dit in 1927 toegestaan is[6]. Die Onderwysdepartement het verder bepaal dat 'n gebou gehuur kon word om as koshuis te dien, mits die huur nie £16 per maand oorskry nie[7].

'n Kerkkoshuis is op 9 Oktober 1928 op Hartebeestfontein geopen[8]. In 1937 was die gehuurde koshuis reeds oorbevolk. Voordat meer beddens en meubels verkry is in 1937, moes kinders twee-twee op beddens slaap[9].

In Oktober 1945 het R.S. Ferreira 40 morg grond op Hartebeestfontein van mevv. Van Eeden en Badenhorst aangekoop met die doel om 'n nuwe Provinsiale koshuis op te rig[10]. Dit het egter daarby gebly.

/Die .........

1. Du Plessis: Die Klerksdorpse koshuis, 1925-1947; artikel in K.H.S.-Jaarblad, Gedenkuitgawe, 1947, 29.
   T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1938, Bylae XVI, 167.
   Die Provinsiale seunskoshuis het die Administrasie £16,158 gekos.
2. Du Plessis: t.a.p.
3. Meegedeel deur W.F. du Plessis, hoof, Klerksdorpse Hoërskool.
4. Meegedeel deur G.du Toit, Sekretaris, Klerksdorpse koshuis.
5. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 7.3.1922.
6. Ibid., 9.8.1927.
7. Ibid.
8. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 32.
9. T.O.D.: a.w., 31.12.1937, 74.
10. Badenhorst: a.w., 34.

Die koshuisbestuur het aan die einde van 1950 besluit om te ontbind. Die skoolkommissie het die bestuur tydelik oorgeneem, dog die koshuis het finaal gesluit in Desember 1950[1]. Die Skoolraad het verskeie pogings aangewend om die koshuis tot 'n Provinsiale koshuis om te skep, dog alles was tevergeefs[2].

In die volgende tabel word daar getrag om die aantal kosgangers aan die verskillende koshuise vanaf 1938, toe die sentralisasiebeleid daadwerklik in die Klerksdorpse distrik deurgevoer is, aan te toon[3].

| Jaar | Klerksdorpse Seunskoshuis | Klerksdorpse Meisieskoshuis | Hartebeestfontein | |
|---|---|---|---|---|
| | Kosgangers | Kosgangers | Seuns | Meisies |
| 1938 | 47 | 45 | 17 | 14 |
| 1940 | 43 | 57 | 18 | 17 |
| 1942 | 44 | 60 | 13 | 28 |
| 1945 | 62 | 48 | 23 | 31 |
| 1949 | 68 | 44 | 14 | 32 |
| 1952 | 86 | 88 | | |
| 1955 | 84 | 94 | | |

Die koshuis op Hartebeestfontein het voorsiening gemaak vir beide laer- en middelbare skool-leerlinge, terwyl die koshuise verbonde aan die Klerksdorpse Hoërskool hoofsaaklik middelbare leerlinge huisves. Die verhouding tussen die primêre en sekondêre leerlinge was gedurende die afgelope dekade soos volg[4]:

/Jaar ......

1. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 35.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 15.8.1950.
3. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1938, Bylae XIII, 140; 31.12.1940, Bylae XIII, 147, 150; 31.12.1942, Bylae XIII, 117-119; 31.12.1945, Bylae XI, 180, 183; 31.12.1949, Bylae XI, 222, 226.
   Gegewens vir 1952 en 1955 verstrek deur G. du Toit, Sekretaris Klerksdorpse koshuis.
4. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1945, Bylae XI, 180, 183; 31.12.1947, Bylae XI, 207, 211; 31.12.1949, Bylae XI, 222, 226.
   Gegewens vir die jare 1952 en 1955 verstrek deur G. du Toit, Sekretaris Klerksdorpse koshuis.

| Jaar | Klerksdorp | | Hartebeestfontein | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale getal kosgangers | Laerskool-leerlinge | Totale getal kosgangers | Laerskool-leerlinge |
| 1945 | 110 | 3 | 54 | 35 |
| 1947 | 107 | 3 | 54 | 30 |
| 1949 | 112 | 0 | 46 | 23 |
| 1952 | 174 | 5 | | |
| 1955 | 178 | 5 | | |

Omdat die Klerksdorpse Skoolraad dan alle middele (vervoerskemas en koshuise) aangewend het om uitvoering te gee aan die sentralisasiebeleid, kan 'n globale oorsig van hoe die konsentrasie op onderwys in die praktyk plaasgevind het, nie nagelaat word nie.

(3) Die praktiese toepassing van die sentralisasiebeleid, 1912-1955.

Die feit dat met die toepassing van die sentralisasiebeleid die aantal skole onder beheer van die Klerksdorpse Skoolraad verminder het dog dat die inskrywingsyfers verhoog is en die aantal leerlinge per leerkrag toegeneem het, blyk duidelik uit die volgende tabel[1]:

| Jaar | Aantal skole | Gemiddelde inskrywing | Aantal leerkragte | Gemiddelde aantal leerlinge per leerkrag |
|---|---|---|---|---|
| 1912 | 13 | 877 | | |
| 1914 | 10 | 873 | 42 | |
| 1916 | 13 | 1191 | 43 | |
| 1920 | 16 | 1603 | 61 | 23.3 |
| 1925 | 19 | 1573 | 65 | 24.1 |
| 1931 | 25 | 2035 | 81 | 25.7 |
| 1934 | 23 | 1866 | 76 | 24.6 |
| 1937 | 20 | 2114 | 84 | 25.4 |
| 1941 | 16 | 2103 | 75 | 28.0 |
| 1945 | 9 | 2126 | 75 | 28.35 |
| 1950 | 13 | 2764 | 101 | 27.4 |
| 1955 | 19 | 6354 | 219 | 29.0 |

/(a) ............

1. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1912, Bijlage II, 331-334; 31.12.1914, Bijlage I; 31.12.1916, Bijlage I; 31.12.1920, Bijlage I; 31.12.1925, Bijlage I, 217-218; 31.12.1931, Bylae I, 133-134.
T.E.D.: Report 31.12.1934, Appendix I, 55-56.
T.O.D.: a.w., 31.12.1937, Bylae III, 207-208; 31.12.1941, Bylae III, 129-130; 31.12.1945, Bylae III, 155-156.
T.E.D.: a.w., 31.12.1950, Appendix III, 77-78.
Kwartaalstate van bywoning, 14.12.1955.

(a) Skole geopen, gesluit en gesentraliseer gedurende 1910-1919.

Waar die Klerksdorpse Skoolraad hom tot 1910 hart en siel beywer het vir sentralisasie om beter onderwysfasiliteite aan die kinders te kon bied [1], het daar gedurende 1910-1920 'n merkwaardige verslapping in die uitvoering van die beleid ingetree. Die algemene neiging was trouens in die rigting van desentralisasie, veral wanneer daar gelet word op die aantal privaat- en ondersteunde plaasskooltjies wat tot stand gekom het.

Gedurende 1910-1919 is die volgende privaat- en ondersteunde plaasskole opgerig:

| | | |
|---|---|---|
| 1910 | Stilfontein 381 | Privaatskool [2] |
| 1912 | Buffelsdoorn | Privaatskool [3] |
| 1913 | Syferkuil | Privaatskool [4] |
| | Geduld 158 | Heropen as ondersteunde plaasskool [5] |
| | Hartebeestfontein 573 | Heropen as ondersteunde plaasskool [6] |
| | Wolvehuis | Ondersteunde plaasskool [7] |
| 1915 | Lemoenfontein | Ondersteunde plaasskool [8] |
| | Machavie | Ondersteunde plaasskool [9] |
| | Quest | Ondersteunde plaasskool [10] |
| 1917 | Leyden | Ondersteunde plaasskool [11] |
| | Rhenosterspruit | Ondersteunde plaasskool [12] |

Behalwe die aantal privaat- en ondersteunde skole het die volgende skole as goewermentskole geopen of is tot goewerment skole verklaar: /1911 ............

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 19.10.1909.
2. Ibid., 17.1.1911.
3. Ibid., 15.10.1912.
4. Ibid., 2.12.1913.
5. Ibid., 16.9.1913.
6. Ibid.
7. Ibid.
8. Ibid., 20.4.1915.
9. Ibid.
10. Ibid., 16.2.1915; 20.4.1915.
11. Ibid., 6.3.1917; 3.4.1917.
12. Ibid., 3.7.1917.

| | | |
|---|---|---|
| 1911 | Syferfontein 504 | Open as goewermentskool [1] |
| | Yzerspruit | Open as goewermentskool [2] |
| 1913 | Eastleigh | Open as goewermentskool [3] |
| | Mahemsvlei | Open as goewermentskool [4] |
| | Schoemansfontein | Open as goewermentskool [5] |
| 1916 | Opraap | As goewermentskool verklaar [6] |
| 1917 | Machavie | As goewermentskool verklaar [7] |
| | Regina (Leyden) | As goewermentskool verklaar [8] |
| | Rhenosterspruit | As goewermentskool verklaar [9] |

Gedurende 1910-1919 is die volgende skole, onder die beheer van die Klerksdorpse Skoolraad, gesluit of gesentraliseer:

| | | |
|---|---|---|
| 1912 | Brakspruit 5 | Gesentraliseer na Mahemsvlei [10] |
| | Buysfontein 186 | Sluit [11] |
| | Goedgenoeg | Sluit [12] |
| | „Good Hope" | Amalgameer met Lawleyskool [13] |
| | Rietfontein 126 | Sentraliseer na Mahemsvlei [14] |
| 1913 | Geduld 158 | Sluit [15] |
| 1914 | Yzerspruit | Sluit [16] |
| 1918 | Machavie | Sluit [17] |

/(b) ..........

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 24.10.1911.
   T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1911, Bijlage V, 297.
2. T.O.D.: t.a.p.
3. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 18.2.1913.
4. Ibid., 14.1.1913.
5. T.O.D.: a.w., 31.12.1913, Bijlage IV, 245.
   Schoemansfontein verskyn nou vir die eerste keer in die lys van skole onder beheer van die Klerksdorpse Skoolraad.
6. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 20.6.1916.
7. Ibid., 23.1.1917.
8. T.O.D.: a.w., 31.12.1917, Bijlage XII.
   Regina, wat vir enkele maande as ondersteunde plaasskool onder die naam Leyden bestaan het, verskyn reeds in 1917 in die lys van goewermentskole onder beheer van die Klerksdorpse Skoolraad.
9. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 4.9.1917.
10. Ibid., 17.9.1912.
11. Ibid., 27.2.1912.
12. T.O.D.: a.w., 31.12.1913, Bijlage IV, 244-245.
    Goedgenoegskool ontbreek in die lys van skole van 1913.
13. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 23.4.1912; 18.6.1912.
14. Ibid., 17.9.1912.
15. Ibid., 28.1.1913.
16. Ibid., 4.2.1914.
17. Ibid., 3.9.1918.

(b) Skole geopen en gesluit gedurende 1920-1937.

Gedurende die jare 1920-1937 is die volgende skole geopen en gesluit:

| Jaar | Open | Sluit |
|---|---|---|
| 1920 | Zyverlaagte [1] | |
| 1920 | Kafferskraal 198 [2] | |
| 1920 | Yzerspruit 384 [3] | |
| 1921 | Bonnieburn [4] | |
| 1921 | Rietfontein 632 [5] | |
| 1922 | Buffelsdoorn [6] | |
| 1923 | Machavie [7] | |
| 1924 | | Yzerspruit 384 [8] |
| 1926 | [9] | Buffelsdoorn [10] |
| 1926 | | Zyverlaagte [11] |
| 1927 | Yzerspruit 384 (heropen) [12] | |
| 1928 | | Skietfontein [13] |
| 1930 | | [14] |
| 1931 | Oorbietjiesfontein [15] | |
| 1932 | Lapfontein [16] | |

/1933 .......

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 22.2.1920.
2. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1920, 73.
3. Ibid.
4. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 2.11.1920.
5. Ibid., 1.3.1921; 1.11.1921.
6. Ibid., 17.1.1922; 21.2.1922; 6.6.1922.
7. T.O.D. a.w., 31.12.1923, Bylae XI, 333.
8. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 4.3.1924; 1.4.1924.
9. Ibid., 6.4.1926.
   In 1926 het die werksaamhede van die Klerksdorpse Skoolraad aansienlik uitgebrei toe die volgende skole, van omliggende distrikte, onder sy sorg geplaas is vanaf 1 Julie:

| Vanaf Lichtenburg | Vanaf Wolmaransstad |
|---|---|
| Leeuwfontein 140 | Skietfontein |
| Paardeplaats | Zendelingsfontein |
| Rietfontein | |
| Wildebeestlaagte. | |

10. Ibid., 15.1.1926; 9.2.1926.
11. Ibid., 6.4.1926.
12. Ibid., 5.10.1926.
13. Ibid., 3.4.1928.
14. T.E.D.: Report, 31.12.1930, Appendix X, 147, 142.
    Machavie is oorgeplaas na Potchefstroom.
    Rietfontein 277 is teruggeplaas na Lichtenburg.
15. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 2.12.30.
16. Ibid., 1.11.1932.

| | | |
|---|---|---|
| 1933 | | Schoemansfontein [1] |
| 1935 | | Syferfontein 504 [2] |
| 1935 | | Lapfontein [3] |

(c) Die laaste fase van sentralisasie, 1938-1955.

Die laaste fase van sentralisasie het vanaf 1938, toe die Skoolraad alle middele aangewend het om die beleid deur te voer, ingetree.

Vanaf 1938 is die volgende skole gesentraliseer:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1938 | Wildebeestlaagte | na | Oorbietjiesfontein [4] |
| 1939 | Oorbietjiesfontein | na | Hartebeestfontein [5] |
| 1939 | Yzerspruit | na | Rhenosterspruit [6] |
| 1940 | Zendelingsfontein | na | Rhenosterspruit [7] |
| 1941 | Klippan 268 | na | Rhenosterspruit [8] |
| 1941 | Mahemsvlei 539 | na | Klerksdorp [9] |
| 1942 | Bonnieburn | na | Klerksdorp [10] |
| 1942 | Leeuwfontein 140 | na | Hartebeestfontein [11] |
| 1942 | Rietfontein 632 | na | Hartebeestfontein [12] |
| 1943 | Opraap 545 | na | Kafferskraal 2 [13] |
| 1945 | Goedgevonden 377 | na | Unie [14] |
| 1945 | Paardeplaats | na | Hartebeestfontein [15] |
| 1948 | Eastleigh | na | Orkney [16] |

So nougeset was die Skoolraad in die uitvoering van die sentralisasiebeleid dat die eerste skool eers weer, na verloop

/van .......

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 5.12.1933.
2. Ibid., 4.3.1935.
   Gesentraliseer na Rhenosterspruit.
3. Ibid.
   Gesentraliseer na Mahemsvlei.
4. Ibid., 2.8.1938.
5. Ibid., 1.11.1938.
6. Ibid., 5.9.1939.
7. Ibid., 6.8.1940.
8. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1941, 148.
9. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 4.11.1941.
10. Ibid., 2.9.41.
11. Ibid.
12. Ibid., 3.2.1942.
    Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 33.
13. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 2.3.1943; 6.4.1943.
14. Ibid., 16.1.1945.
15. Ibid., 6.2.1945.
16. Orkneyskool, Kwartaalstaat, 24.3.1948.

van bykans 22 jaar, in 1954 geopen is. Gedurende die afgelope paar jaar het Klerksdorp hom op die kruin van die vloedgolf van voorspoed bevind en moes daar ook op onderwysgebied voorsiening gemaak word vir die toenemende bevolking. Die volgende skole moes gestig word:

1948 Orkney[1],
1954 Saamtrek[2],
1954 Stilfontein[3],
1954 Western Reefs Engelsmedium[4],
1955 Meiringspark[5].

c. <u>Inskrywing en skoolbesoek.</u>

Klerksdorp se eerste skoolbesoekbeampte, P.R. Kock, is in Oktober 1908 benoem[6].

In 1911 het inspekteur J.H. Corbett verklaar dat die skoolbesoek, veral by die buiteskole, besonder nadelig beïnvloed is deur die voortdurende verwisseling. Ouers het na willekeur hul kinders van die een skool na die ander laat gaan[7].

Die skoolbesoek het in 1914 nog verder gedaal as gevolg van die Rebellie. Verskeie onderwysers het aktief aan die Rebellie deelgeneem, met die gevolg dat 'n aantal skole tydelik moes sluit[8]. Gedurende 1914 was die gemiddelde aantal ingeskrewe leerlinge in die verskillende skole onder beheer van die Klerksdorpse Skoolraad soos volg[9]:

| Goewermentskole | Ondersteunde skole |
|---|---|
| 847 | 30 |

Behalwe dat die Rebellie die skoolbesoeksyfer in 'n hoë

/mate ........

1. Die skool op Eastleigh is gesluit en oorgeplaas na Orkney.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 17.2.1953; 16.3.1954.
3. Ibid., 25.1.1954.
4. Ibid., 17.8.1954.
5. Ibid., 7.12.1954.
6. Ibid., 20.10.1908.
7. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1911, 68.
8. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 133.
9. T.O.D.: a.w., 31.12.1914, 87.

mate laat daal het, was die leerlinge gedurende 1915, toe hulle weer die skole begin bywoon het, skolasties so vertraag dat hulle in aanpassingsklasse geplaas moes word in 'n poging om hulle weer die agterstand te laat inhaal [1].

Gedurende die eerste ses maande van 1916 het nie minder nie as 137 leerlinge in die Klerksdorpse skoolraadsdistrik versuim om skool toe te gaan [2].

Die ongereelde skoolbesoek van 1919 het inspekteur A.J. de Vos toegeskryf aan die gebrek aan 'n voltydse skoolbesoekbeampte vir Klerksdorp [3]. Daar was nog steeds 'n groot verwisseling van leerlinge, veral by die plaasskole. Ouers het sonder grondige redes kinders van skool tot skool laat verwissel. Dit was trouens dan ook die direkte oorsaak vir die sluiting van die skool op Yzerspruit [4].

Volgens 'n sensusopname deur die skoolbesoekbeampte was die toestand in Mei 1919 soos volg [5]:

| | |
|---|---|
| Aantal leerlinge van skoolgaande leeftyd | 1200. |
| Aantal leerlinge wat skole besoek | 1170. |
| Aantal leerlinge afwesig van skool | 21. |

Die redes wat aangegee is vir die versuim van skoolbywoning vir die 21 leerling was:

| | |
|---|---|
| Yzerspruitskool gesluit | 8 |
| Siek met doktersertifikaat | 2 |
| Gebreklik | 1 |
| Doof en stom | 3 |
| Verstandelik agter | 2 |
| Te ver van enige skool | 3 |
| Bo standerd 5 | 2 |
| | 21 |

Die Uitvoerende Raad het, as 'n besuinigingsmaatreël, die

/pos .......

1. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1915, 118.
2. Ibid., 31.12.1916, 28.
3. T.E.D.: Report 31.12.1919, 105.
4. Ibid., 109.
5. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 6.5.1919.

pos van skoolbesoekbeampte in 1923 afgeskaf[1]. In 1923 het die Direkteur van Onderwys, J.E. Adamson, verklaar: „Die regverdiging vir verpligte onderwys is die veiligheid en welsyn van die Staat as sodanig"[2].

Gedurende 1926 was daar 'n daling in die inskrywingsyfer as gevolg van die ontdekking van diamante in die omliggende distrikte. Die diamantkoors het baie van die Klerksdorpers beetgepak, en hulle het met hulle gesinne na die diamantdelwerye vertrek[3].

In November 1930 was daar 'n totale aantal van 25 skole vir blankes onder beheer van die Klerksdorpse Skoolraad met 'n leerlingtal van 2011[4]. Hierna sou daar op groot skaal gesentraliseer word, sodat daar in Desember 1950 nog 14 skole oor was met 3417 leerlinge[5].

Gedurende die vyftiger jare het die aantal leerlinge as gevolg van die snelle ontwikkeling en uitbreiding van die mynbou vinnig toegeneem. In Desember 1955 was daar 19 blanke skole met 'n totale leerlingtal van 6354[6].

d. Medium van onderwys.

Vanaf 1 Januarie 1912 is Hollands naas Engels gestel as amptelike taal. Hollands en Engels sou voortaan gelykwaardig wees. Die huistaal, Hollands of Engels, is as medium vir aanvangsonderwys vasgestel[7].

Die gewysigde taalordonnansie het in die Klerksdorpse gebied oor die algemeen byval gevind. Volgens inspekteur J.P. Botha was daar geen noemenswaardige meningsverskille gedurende 1913 in dié verband nie[8].

Nadat die reëling van die huistaal as medium van onderwys vir 'n paar jaar in werking was, het dit reeds in 1916

/goeie ........

1. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1923, 31.
2. Ibid., 13.
3. Ibid., 31.12.1926, 6.
4. T.E.D.: Report 31.12.1930, Appendix 1, 105-106.
5. Kwartaalstate, 14.12.1950.
6. Ibid., 14.12.1955.
7. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 124.
8. T.O.D.: a.w., 31.12.1913, 86.

goeie vrugte afgewerp. Inspekteur Botha het in 1916 met hoë lof daarvan gepraat en het verklaar dat dit van onskatbare waarde vir die onderwys is. Die leerlinge het meer vrymoedigheid aan die dag gelê, en die vordering was merkwaardig. Alhoewel die tweede offisiële taal - in die Klerksdorpse gebied hoofsaaklik Engels - by die plaasskole nie op 'n hoë peil was nie, het die reëling met betrekking tot moedertaalonderwys egter niks daarmee te doen gehad nie [1].

1917 het 'n nuwe tydperk ingelui. Die skole onder beheer van die Klerksdorpse Skoolraad het in 1917 oorgeskakel na Afrikaans as moedertaal. Daar was egter 'n groot tekort aan geskikte Afrikaanse leesboeke. In 1917 was die huistaal, Afrikaans, by die meeste skole reeds die medium van onderwys in alle leervakke, uitgesonderd van die tweede taal self. In die dorpskole was Engels nog die medium van onderwys na st. 4, aangesien die ouers dit verkies het [2].

In hul ywer om Afrikaans ten volle tot sy reg te laat kom het baie leerkragte in 1918 begin om die Hollandse leer- en leesboeke in Afrikaans te vertaal in 'n poging om die tekort aan Afrikaanse boeke te bekamp. In 1918 kon selfs van die graad 2-leerlinge goeie opstelletjies in Afrikaans skryf. Afrikaans was reeds in 1918 die medium van onderwys by 'n groot aantal skole vanaf die laer klasse tot en met st. 5 [3].

Afrikaans het so vinnig veld gewen dat beide leerlinge en onderwysers in 1920 reeds met die taal vertroud was [4].

e. Toerusting en geboue.

In 1913 was die toerusting, alhoewel daar reeds 'n verbetering begin intree het, nog ontoereikend en van 'n swak gehalte [5]. Afgesien daarvan dat die toerusting nie doeltreffend was nie, was die geboue in 1915 uiters ondoeltreffend. Dit

/was .........

1. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1916, 113.
2. Ibid., 31.12.1917, 123.
3. T.E.D.: Report 31.12.1918, 121.
4. T.O.D.: a.w., 31.12.1920, 146.
5. Ibid., 31.12.1913, 86.

was veral die klein skooltjies wat nie oor geskikte akkommodasie beskik het nie[1].

Daar was aanvanklik 'n groot tekort aan geskikte leer- en leesboeke. In 1916 het die peil van die boeke reeds begin verbeter; dog daaraan was nog 'n groot gebrek[2].

In 1917 kon inspekteur Botha reeds getuig dat daar sedert die totstandkoming van die Unie 'n groot verbetering ingetree het ten opsigte van die geboue. Afgesien daarvan dat die aantal gebrekkige geboue reeds tot 'n minimum beperk was, was daar ook reeds 'n aanvang gemaak met die oprigting van onderwyserswonings[3].

Afgesien daarvan dat daar in die Klerksdorpse skoolraadsdistrik heelwat gebou is in 1919, was daar ook 'n groot verbetering in die voorsiening van leerboeke en algemene skoolmateriaal[4].

Met die uitsondering van die skoolgebou op Kafferskraal 198 was al die geboue in 1921 bevredigend[5].

Gedurende die twintiger jare is ook heelwat tyd en aandag bestee aan die verfraaiing van die skoolterreine. In 1927 het „een Meester .... met sy motor water aangery gedurende droogte om die blommetjies nie te laat kwyn nie"[6].

Vanaf 1945, met die herlewing van die mynbou, het akkommodasieprobleme begin ontstaan[7]. Om in die behoeftes te kon voorsien moes daar gedurende 1946-1947 heelwat gebou word. Daar is in 1947 begin met die bou van die Engelsmediumskool en addisionele klaskamers by die Presidentskool en die Unieskool. Die nuwe handwerk- en huishoudkundeblok by die Klerksdorpse Hoërskool was ook reeds in aanbou[8]. Afgesien daarvan dat daar by byna al die skole addisionele voorsiening gemaak

/moes ........

1. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1915, 116.
2. Ibid., 31.12.1916, 114.
3. Ibid., 31.12.1917, 120.
4. T.E.D.: Report, 31.12.1919, 107-108.
5. T.O.D.: a.w., 31.12.1921, 152.
6. Ibid., 31.12.1927, 117.
7. Ibid., 31.12.1945, 57.
8. Ibid., 31.12.1947, 47-48.

moes word vir klaslokale e.s.m., is die Stilfontein- en Wilkoppies (Saamtrek)-skole in 1953 opgerig [1]; voorafvervaardigde geboue is in 1954 opgerig te Meiringspark, Harrisburg en Schoonspruit-Hoërskool, en 'n permanente gebou is op 27 Julie 1954 in gebruik geneem deur die hoof, personeel en leerlinge van die Western Reefs English Mediumskool [2].

f. Algemene onderwyspeil.

Die feit dat die meeste onderwysers teen 1913 die erns van hul taak besef het en hulle deur middel van privaatstudie beter begin toerus het vir hulle taak, moes noodwendig die algemene onderwyspeil ten goede beïnvloed het [3].

In 1916 het inspekteur J.P. Botha gemeen dat die peil van onderwys in sy inspeksiekring hoër staan as die van die O.V.S. en Kaapkolonie [4]. Ongelukkig het die tekort aan leer- en leesboeke 'n remmende uitwerking op die onderwys gehad. Die aantal ongekwalifiseerde leerkragte het gedurende die verloop van 1917 op abnormale wyse afgeneem [5].

Die peil van onderwys is gedurende 1918-1919 gevoelig beïnvloed deur die griepepidemie; dog vanaf 1920 was die onderwys weer goed op dreef [6].

g. Handwerk en kookkuns.

Die redes vir die toevoeging van handwerk tot die leerplan in 1912 kan soos volg saamgevat word: „Zij ontwikkelt hersencentra, bevordert handigheid op een leeftijd wanneer dit nodig is indien zij zich op later leeftijd voldoende zal ontwikkelen, en verschaft gelegenheid om gedachten te belichamen; het kind begrijpt beter hetgeen op school geleerd wordt; het voorstellingsvermogen in de ruimte wordt ontwikkeld; het kind wordt thuis in zijn omgeving; het krijgt iets te doen waarvan hij het nut begrijpt, waardoor hem enig denkbeeld wordt

/ingeplant ......

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 20.1.1953;25.1.1954;16.3.1954.
2. Ibid., 19.10.1954; 1.7.1954; 17.8.1954.
3. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1913, 84-85.
4. Ibid., 31.12.1916, 114.
5. Ibid., 31.12.1917, 124.
6. Ibid., 31.12.1920; 145; 31.12.1935, 82.
   T.E.D.: Report 31.12.1935, 56.

ingeplant van doelmatigheid, en waardoor hij een nuttig lid der maatschappij wordt"[1].

'n Handwerkklas, toegerus met houtwerktoerusting, is in 1912 aan die Milnerskool toegevoeg; dog geen klas kon gegee word nie, aangesien 'n bevoegde onderwyser nog gevind moes word[2]. In 1912 is die aanstelling van 'n hoofonderwyser in Handwerk vir Potchefstroom en Klerksdorp tesame goedgekeur. Leerlinge van die hoër klasse kon metaalwerkklasse op Potchefstroom bywoon[3].

In 1913 is daar 'n aanvang gemaak met handwerkklasse in Klerksdorp[4] onder leiding van W.F. Tomkins[5].

Die Klerksdorpse Skoolraad het in Januarie 1920 besluit om die gebou van die Landbougenootskap te huur teen £2.10.0 per maand om te dien as handwerksentrum[6]. Die hoof van die houtwerksentrum, E.R. Green, het in 1921 beswaar gemaak teen die bouvallige toestand waarin die gebou verkeer het. Die Onderwysdepartement het egter reeds toegestem tot die oprigting van 'n nuwe lokaal[7].

Skoolraadslid H.L.M. Leibbrandt het in 1924 te kenne gegee dat die Provinsiale Raad die bedrag van £1500 gestem het vir die oprigting van 'n handwerksentrum op Klerksdorp[8].

In 1929 is 'n kookkunssentrum aan Klerksdorp toegestaan[9] asook 'n handwerksentrum vir Hartebeestfontein[10].

Gedurende 1936 is die beheer van die handwerk- en kookkunssentrums van Klerksdorp onder die direkte beheer van die Skoolraad geplaas. Die hoofkwartier van J.A.J. van Welie, opsiener van handwerk, sou gedurende dieselfde jaar van Schweizer-Reneke na Klerksdorp verplaas word. Die vakante Kookkunspos

/sou .......

---

1. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1912, 146.
2. Ibid., 149.
3. T.O.D.: a.w., 154.
4. Ibid., 31.12.1913, 53.
5. Ibid., Bijlage IV, 319.
6. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 12.1.1920.
7. Ibid., 5.6.1921.
8. Ibid., 1.7.1924.
9. Ibid., 4.6.1929.
10. Ibid., 12.2.1929.

sou in 1936 geadverteer word [1]. Mej. Glen is in Mei as Kookkunsonderwyseres benoem [2].

Gedurende 1936 is daar 'n begin gemaak met Handwerk- en Huishoudkunde as skoolvakke op Hartebeestfontein [3].

In 1947 is die handwerk en huishoudkundesentrums van die Presidentskool (ou Milner) weggeneem [4] om oorgeplaas te word na die Klerksdorpse Hoërskool, waar die nuwe geboue vir Handwerk en Kookkuns opgerig is [5].

h. Onderwysvoorsiening aan verstandelik-agterlike leerlinge.

Dit was nie voor 1942 dat daar begin is om voorsiening te maak vir die verstandelik-agterlike leerlinge in Klerksdorp nie. Gedurende 1942 het die Onderwysdepartement goedkeuring verleen tot die oprigting van drie spesiale klasse vir verstandelik-agterlike leerlinge by die Presidentskool [6].

Gedurende die eerste kwartaal van 1943 was daar twee spesiale klasse verbonde aan die Presidentskool. 'n Derde klas moes gedurende die tweede kwartaal opgerig word, dog daar was 'n groot tekort aan akkommodasie. Die Skoolraad het die Onderwysdepartement versoek om sy onmiddellike aandag te skenk aan die oprigting van ses addisionele klaskamers by die nuwe skoolgebou [7]. Gedurende 1943 was daar 34 leerlinge in die twee spesiale klasse [8] met C.V.D.K. de Villiers [9] en W.A. van Wyk [10] as permanente onderwysers.

In 1944 was daar drie klasse met 39 leerlinge [11].

Die drie klasse verbonde aan die Presidentskool kon nie in /die ......

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 11.2.1936.
2. Ibid., 12.5.1936.
3. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 33.
4. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 7.10.1947.
5. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1947, 47.
   Meegedeel deur W.F. du Plessis, hoof, Klerksdorpse Hoërskool.
6. T.O.D.: a.w., 31.12.1942, 65.
7. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 6.4.1943.
8. T.E.D.: Report 31.12.1943, 123.
   Presidentskool, Kwartaalstaat, 10.12.1943.
9. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 4.5.1943.
10. Ibid., 25.10.1943.
11. Presidentskool, Kwartaalstaat, 13.12.1944.
    T.O.D.: a.w., 31.12.1944, 70.

die behoeftes voorsien nie; dog die uitbreiding daarvan is bemoeilik deur die tekort aan akkommodasie, tekort aan opgeleide leerkragte en deur die feit dat werkgewers min waarde geheg het aan die gesertifiseerde verklaring wat die leerlinge ontvang het na voltooiing van die sesde standerd[1].

In die volgende tabel word aangetoon die aantal verstandelik-agterlike leerlinge en die aantal leerkragte wat vanaf 1945 onderwys aan die spesiale klasse verskaf het[2].

| Datum | Aantal leerlinge | Aantal leerkragte |
|---|---|---|
| Desember 1945 | 36 | 3 |
| Desember 1948 | 33 | 3 |
| Desember 1951 | 34 | 3 |
| Desember 1954 | 43 | 3 |

Gedurende Augustus 1955 is twintig verstandelik-agterlike leerlinge van dertien jaar en ouer oorgeplaas na die Generaal Kokskool op Potchefstroom. Slegs die leerlinge van twaalf jaar oud en jonger ontvang tans nog onderwys aan die Presidentskool[3]. Aan die einde van 1955 was daar nog 21 leerlinge wat onderwys ontvang het van twee leerkragte[4].

2. <u>Die uitbreiding van middelbare onderwys, 1907-1955.</u>

a. <u>Middelbare onderwys gedurende die beginjare, 1907-1920.</u>

Na die Vrede van Vereeniging, 31 Mei 1902, is die ou Presidentskool omgeskep in die Milnerskool, wat later drie skole ingesluit het, naamlik die "Lower Milner" (Presidentskool), die "Upper Milner" (Polisiestasie) en Lawley (Unieskool)[5].

/Dit ..........

1. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1945, 57.
   Ibid., 31.12.1947, 48.
2. Presidentskool, Kwartaalstaat, 14.12.1945.
   Ibid., 14.12.1948.
   Ibid., 14.12.1951.
   Ibid., 10.12.1954.
3. Meegedeel deur G. de Kock, hoof van die Presidentskool.
4. Presidentskool, Kwartaalstaat, 14.12.1955.
5. Du Plessis: Uit die verlede 1922-1947, in K.H.S.-Jaarblad, Gedenkuitgawe, 1947, 21.

Dit was eers vanaf 1907 dat daar van owerheidsweë voorsiening gemaak is vir middelbare onderwys, en wel by artikel 23 van die Onderwyswet van 1907 [1]. H.J. Freeman was aan die hoof van die drie aparte skole [2].

Die algemene onderwyspeil by die "Upper Milner" het veel te wense oorgelaat, en die meeste ouers het van Potchefstroom gebruik gemaak as onderwyssentrum vir middelbare onderwys. 'n Subkomitee, bestaande uit P.J. Jooste, J.H. Eybers, P.J. du Toit en D.R. Whitfield, is uit die Skoolraad benoem om die algemene onderwystoestande by die "Upper Milner" nader te ondersoek. Op hul vergadering op 12 Maart 1912, waarheen 'n aantal ouers en die hoof, H.J. Freeman, uitgenooi is, is die kwessie breedvoerig bespreek. Die ouers het dit hoofsaaklik daarteen gehad dat die middelbare afdeling tydelik afgeskaf is sonder om hulle betyds daarvan te verwittig sodat ander reëlings getref kon word vir die onderwys van hul kinders. Die komitee het dit weer gehad teen die uiters teleurstellende eksamenuitslae van die vorige jaar. Slegs twee uit die sewe standerd 7-leerlinge het geslaag. Die ongunstige toedrag van sake is soos volg saamgevat [3]:

(i) die aantal leerlinge neem vinnig af;

(ii) die gehalte van werk het verswak;

(iii) met die afskaffing van die middelbare afdeling het die "Upper Milner" op die vlak van 'n plaasskool verkeer;

(iv) die skool beantwoord nie aan sy doel nie, aangesien groot getalle kinders van die Klerksdorpse gebied na elders gaan vir na-primêre onderwys.

Uit die „Verslag van het Middelbaar Onderwijs over het

/jaar ..........

1. T.E.D.: Report 30.6.1907, 159.
2. Koen: Die Presidentskool, 1849-1949, in Presidentskool, Gedenkuitgawe, 1949, 22.
3. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 20.3.1912: Verslag van die Subkomitee.

jaar 1913" blyk dit dat die ongunstige toestande voortgeduur het[1].

In 1915 het die tekort aan die nodige akkommodasie sorgwekkend geword, dog vanweë die gebrek aan geld kon daar niks gedoen word om die toestand te verbeter nie[2]. Gedurende 1915 was daar 22 leerlinge wat soos volg verdeel was[3]:

| St. 7 | | St. 8 | | St. 9 | | St. 10 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal | Gemiddelde leeftyd | Aantal | Gemiddelde leeftyd | Aantal | Gemiddelde leeftyd | Aantal | Gemiddelde leeftyd |
| 16 | 16.5 | 4 | 16.4 | 1 | 18.1 | 1 | 19.6 |

Die Direkteur van Onderwys, J.E. Adamson, het in sy jaarverslag van 1916 die mening uitgespreek dat „techniese kursussen en kursussen in huishoudkunde" in die werkskemas moes bykom. Voorts het hy verklaar dat die hoër en laer afdelings van mekaar geskei moes word sodat leerlinge wat wil matrikuleer, na die hoërskool kon gaan. Hy het egter ook daarop gewys dat dit moeilik gaan om die buitesentras van middelbare onderwys te voorsien[4].

Die aantal middelbare leerlinge verbonde aan die "Milnerskool" was gedurende 1916 19. Hulle het onderwys ontvang van H.J. Freeman, J.A. de Kock en J.S. Engela[5].

In 1918 het 'n aparte en selfstandige hoërskool 'n noodsaaklikheid geword. Waar hoër- en laerskoolleerlinge in dieselfde gebou saam gehuisves was onder dieselfde hoof met ontoereikende en onbevoegde leerkragte, kon dit nie anders as om onbevredigende toestande in die hand te werk nie. Dit het dan ook daartoe aanleiding gegee dat die meeste ouers nog hulle kinders Potchefstroom toe gestuur het vir na-primêre

/onderwys ........

1. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1913, 65.
2. Ibid., 31.12.1915, 20.
3. Ibid., 76.
4. Ibid., 31.12.1916, 19.
5. T.E.D.: Report 31.12.1916, Appendix X, 1.

onderwys[1].

In Januarie 1920 het 'n deputasie, bestaande uit P.J. Jooste en ds. P.A. Theron, die Uitvoerende Raad gaan spreek om die noodsaaklikheid van die oprigting van 'n middelbare skool vir Klerksdorp onder hulle onmiddellike aandag te bring[2].

b. Middelbare onderwys na 1920.

Aan die einde van 1920 het die Onderwysdepartement berig dat 'n hoërskool aan Klerksdorp toegestaan is. Die geboue van die "Upper Milner" sou dan vanaf 1921 tydelik huisvesting bied aan die hoërskool. Die laerskoolleerlinge sou weggeneem word en in die "Lower Milner" - en Lawleyskole geplaas word. Voortaan sou dit bekend staan as die Klerksdorpse Hoërskool[3].

Die eerste permanente hoof van die Klerksdorpse Hoërskool, S.R. Ackerman, het diens aanvaar op 1 Februarie 1922[4]. In Maart 1922 was daar reeds 123 leerlinge[5].

Die personeel en leerlinge kon in 1926 hulle intrek neem in 'n nuwe skoolgebou[6].

Die Klerksdorpse Hoërskool het gedurende die afgelope dekade snel uitgebrei. In Januarie 1945 was daar 368[7] en in Desember 1954 reeds 969 leerlinge[8].

Om tred te hou met die steeds toenemende onderwysbehoeftes van Klerksdorp is die oprigting van die Klerksdorp High School in 1952 goedgekeur[9], en in 1953 is goedkeuring verleen vir die oprigting van die Schoonspruit-Hoërskool[10].

Die skool op Hartebeestfontein het, nadat daar slegs in 1908 'n sekondêre afdeling aan die skool verbonde was, in 1920 onderrig verskaf aan leerlinge tot st. 8[11]. In 1921

/is ......

1. Meegedeel deur J.S. Engela en W.F. du Plessis.
2. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 12.1.1920.
3. Meegedeel deur J.S. Engela.
   Notule Klerksdorpse Skoolraad, 7.12.1920.
4. Klerksdorpse Hoërskool, Joernaal, 1.2.1922.
5. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1921, 19-20.
6. Ibid., 31.12.1926, Bylae III, 171.
7. Klerksdorpse Hoërskool, Jaarblad 1945, 9.
8. Klerksdorpse Hoërskool, Joernaal, 10.12.1954.
9. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 29.7.1952.
10. Ibid., 16.9.1952.
11. Hartebeestfonteinskool, Joernaal, 15.10.1920.

is st. 6-leerlinge toegelaat[1]. Vanaf 1933 is st. 7-leerlinge toegelaat[2] en in 1936 is st. 8 tot die skool toegevoeg[3]. In Desember 1955 was daar 82 middelbare leerlinge by die skool ingeskryf[4].

'n Tak van die Witwatersrandse Tegniese Kollege is op 13 September 1941 in Klerksdorp geopen[5]. In 1941 was daar 50 deeltydse studente en in 1955 is onderrig verskaf aan 47 voltydse en 380 deeltydse studente[6].

'n Totale aantal van 1877 leerlinge het aan die einde van 1955 middelbare onderwys geniet van vyf inrigtings in die Klerksdorpse distrik[7].

---

1. Hartebeestfonteinskool, Joernaal, 18.10.1921.
2. Ibid., 17.1.1933.
3. Register van daaglikse skoolbesoek, 1936.
4. Hartebeestfonteinskool, Kwartaalstaat, 14.12.1955.
5. Meegedeel deur die Direkteur, Witwatersrandse Tegniese Kollege, Johannesburg.
6. Idem.
7. Bereken volgens die kwartaalstate (14.12.1955) van die provinsiale skole wat sekondêre onderwys verskaf, en ge